Munisipaliteit
Municipality
Umasipala
Lêer verw/
File ref: 15/3/10-12/Erf_547

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

12 Januarie 2016

CK Rumboll en Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Per Geregistreerde Pos

Meneer/ Dame

VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 547, RIEBEEK WES

U aansoek ontvang 17 Desember 2015 met verwysing RW/9506/IJ rakende die onderwerp het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015) word die aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir 'n tweede wooneenheid op erf 547, Riebeek Wes ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. **STADSBEPLANNING/BOUBEHEER**

(a) dat die eienaar / ontwikkelaar die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorlê;
(b) dat die tweede wooneenheid tot 'n maksimum grootte van 120m² beperk word;
(c) dat die tweede wooneenheid aan die parameters van die bestaande sonering voldoen;

2. **WATER**

(a) dat die eiendom van 'n enkele wateraansluiting voorsien word;

3. **RIOOL**

(a) dat die eiendom van 'n enkele rioolaansluiting voorsien word;

4. **VULLISVERWYDERING**

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid op die perseel gehef word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word.

Rig asseblief alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder:
Privaatsak X52
Malmesbury 7299

Tel 022 487 9400
Faks/Fax 022 487 9440
E-pos/E-mail swartlandmun@swartland.org.za
www.swartland.org.za

Kindly address all correspondence to the Municipal Manager:
Private Bag X52
Malmesbury 7299

Darling **Tel** 022 492 2237 *Moorreesburg* **Tel** 022 433 2246 *Yzerfontein* **Tel** 022 451 2366

5. KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater teen R 6 477,48 (BTW ingesluit)(R10 795,80 X 0.6 vir Res Medium Digtheid) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op bouplanstadium teen posnommer 77-92-86-00-6230. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v paaie ten bedrae van R 8 140,74 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(c) dat 'n vaste koste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R 4 156,44 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v water ten bedrae van R 11 305,38 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(e) dat 'n vaste koste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R 6 775,02 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(f) dat 'n vaste koste kapitaalbydrae t.o.v. afval water behandeling ten bedrae van R 7 182,00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-006220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(g) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015 daar 'n 40% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word.

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJ/ds

Afskrif : PD & SL Barlow, Posbus 552, Riebeek Wes, 7306

Boubeheerbeampte

Direkteur : Siviele Ingenieursdienste

Direkteur : Finansiëledienste